
NOORD-BOLAND

# SAWA Noord-Boland Kampnuus

(Leentjiesklip)

Jaargang 44, Kampnuus 1
Januarie 2026





## Bestuur – 2025/26

| | | | |
|---|---|---|---|
| **Voorsitter** | Marius van der Mescht | 083 651 8547 | alma.marius@gmail.com |
| **Ondervoorsitter** | Johan Zaayman | 084 682 8934 | stuworcester@gmail.com |
| **Sekretaresse** | Elzané Kellerman-Schietekat | 082 078 1558 | elzanekellerman@gmail.com |
| **Penningmeester** | Louise de Wet | 084 941 1993 | finance@norsa.org |
| **Skakelbeampte** | Marina Swart | 060 989 2458 | marinaswrt@gmail.com |
| **Addisionele Lid** | Estie Viljoen | 082 415 5052 | estiedekock@gmail.com |
| **Addisionele Lid** | Filipe Valverde | 082 569 4881 | valverde.filipe@gmail.com |

**Inhoud** : Inleiding / Voorsitter... / Kampnuus / Kampprogram



## *Inleiding*

***Goeiedag almal,***

*Ons gaan weer die Noord-Boland Kampnuus uitgee na elke Saamtrek. Dit sal hoofsaaklik bestaan uit nuus en fotos van die Saamtrekke, die jaar se kampprogram en ander relevante inligting soos van toepassing. Hiermee dus ons eerste Kampnuus vir 2026.*

*Filipe*



## *Voorsitter ....*

***Goeiedag Sawanante,***

*Baie dankie Filipe vir die geleentheid. Namens myself wil ek net die Noord-Bolanders weereens bedank vir die lekker kamp die vorige jaar, soos altyd bly julle 'n hegte familie wat lief is vir kamp en die buitelewe. Noord-Boland is gesond en bly groei wat net n bewys is van jul standvastigheid en die omgee vir Streek Noord-Boland. Ons het 'n ervare en hardwerkende Bestuur op wie ons almal trots kan wees. Vir die jaar wat voorlê het ons besluit om nog reëls te buig en besluit om net te kamp. Ons as Bestuur streef om Noord Boland en sy Lede te dien en daarom vir almal 'n aangename kamp atmosfeer te skep.*


*Kom Ons-Kamp-Net ⛺ - Marius*



# *Kampnuus - Leentjiesklip*

Streke Noord-Boland en Helderberg het die 2026 kampjaar die naweek van 16-18 Januarie te ***Leentjiesklip,*** Langebaan afgeskop

Dit is gereël deur Helderberg; dankie Gawie en Sorina, ons kampkoördineerders, vir 'n suksesvolle naweek. Die hooftema van die kampnaweek was die tradisionele ***Vrugtefees***.



HELDERBERG SAWA

**LEENTJIESKLIP KAMPPROGRAM**
16 tot 18 Januarie 2026
**Kampkoördineerder**: Gawie Greeff (**0828791478**)

NOORD-BOLAND

**Geen troeteldiere**

**Noodnommers:** Skakel **112**; Netcare911--> **082 911;** Ambulans --> **10177**

***Die tema*** vir die naweek is ***Vrugtefees***. Bring vrugte en "goedjies".

**VRYDAG**

- **18:00** Boekevat - Gawie woonwa
  ⇒ Ontspan
  ⇒ Saambraai / Eie braai - nes jy wil

**SATERDAG**

- Rus of verken - nes jy wil.
- 13h30 "Vrugtefees" in die natuur. Bring vrugte saam – Klaar verwerk asb. (Plek sal aangekondig word)
  ⇒ Bring eie tafeltjies, borde en stoele.
- 18h00 Saam braai by Marius se woonwa of net waar jy wil.

**SONDAG**

- **09:30** Erediens - Gawie woonwa
  ⇒ Daarna voorsitterstee - bring asb. bordjie met eetgoed. Bring jou koppie, koffie, suiker, melk en water word voorsien.

Van ons was al die ***Donderdag*** daar en ander weer het tot na die naweek gebly. Hulle het met woonwaens, motorkaravan, tente en sekeres sommer in a chalet!

***Leentjiesklip*** bly 'n populêre oord vir ons lede. Ons was 12 lede en 2 gaste van Noord-Boland, en 4 lede van Helderberg; daar was 'n totaal van 35 siele wat die naweek saam geniet het.

Kenmerkend van ons Weskus het die wind bietjie gesels Donderdag en Vrydag - maar Saterdag en Sondag was ons geseën met ***fantastiese weer***.

Na boekevat en verwelkoming ***Vrydag,*** gelei deur Gawie en Sorina, is daar ontspan, gekuier en gebraai. ***Saterdag*** oggend was dit tyd vir verdere ontspan en, waar nodige, is proviant aangekoop. Die middag het ons die gebruiklike Helderberg ***vrugtefees*** gehou onder Leentjies se paar boompies. Hierdie bring-en-deël vrugte peuselhappies-ete langs die Saldanhabaai is altyd in wenner in die warm somers; 'n maklik om te reël samesyn aktiwiteit. Dis gevolg deur 'n kombinasie van middagslapies, kuier en rondrits in die omgewing. Later is die dag afgesluit met nog braai en lekker kuier.

***Sondag*** is die Erediens by Francois en Georgine se woonwa gelei deur Sorina. Daarna was die Voorsitterstee by Marius se woonwa. En so kom nog 'n naweek tot 'n einde en, vir die meeste van ons, was dit kampopbreek en huiwaarts keer.

***Dankie aan almal*** vir die wonderlike saamkamp en kuier. Ons is dankbaar almal is veilig terug by die huis - kyk gerus deur die fotos onder en ervaar die naweek saam met ons.

Sien mekaar weer by die ***Wolvenberg*** saamtrek (Rawsonville omgewing) ***13/15 Feb '26***.

*Filipe*



Gawie wag vir sy kampers

Mooie Langebaan!

Erediens Sondag

Plaatjies vir foutjies!





Ouma Irene kuier by Leentjies



Dankie Fanie vir die waatlemoene





My waatlemoen dié!



Boekevat Vrydagaand





Marietjie se gemmerbierbom



Ons kuier op die Delports se stoep



Van Wyks ontspan


Welkom
Ouma Irene!

# NOORD-BOLAND KAMP PROGRAM - JAAR 2026

| MAAND | DATUM | STREEK WAT AANBIED | KAMP TERREIN |
|---|---|---|---|
| Jan | 16 tot 18 | Helderberg | LEENTJIESKLIP, Langebaan |
| Feb | 13 tot 15 | Noord-Boland | WOLVENBERG, Rawsonville (TENTE KAMP) |
| Feb | 20 tot 22 | Suidwes-Kaap | SKIMKAMP |
| Mrt | 13 tot 15 | Suidwes-Kaap | HOLLANDSCHE MOLEN (GEBIEDSKAMP/MUSIEKFEES) |
| Apr | 24 tot 26 | Helderberg | ALTYD WATER, Worcester |
| Mei | 22 tot 24 | Noord-Boland | KONINGSKOP, WILGERSBOSDRIF PLAAS (18Ks VANAF PIEKENIERSKLOOF) |
| Jun | 12 tot 16 | Noord-Boland | KLEINE PARADYS, naby Piketberg |
| Jul | Geen kamp | | |
| Aug | 28 tot 30 | Albatros | ATKV GOUDINI, Rawsonville (GESAMENTLIKE AJV's) |
| Sep | 11 tot 13 | Helderberg | ONRUS WOONWAPARK, Onrusrivier |
| Okt | 09 tot 16 | Helderberg/Noord-Boland | APPELKOSIE, Montagu |
| Nov | 20 tot 22 | Noord-Boland | KLEINE EIKE, Greyton (KERKSKAMP) |
| Des | Geen kamp | | |

